

DINAMIKA FINANSIËLE DIENSTE [EDMS] BPK

[Registrasie No: 2004/034151/07; FSP No: 46494]

[Hierin ook verwys as die Organisasie / FDV]

PRIVAATHEID KENNISGEWING – BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING WET [PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT] (“POPI WET”)

Die doel van hierdie ‘Privaatheid Kennisgewing’ is om die sleutel elemente van die POPI Wet, wat uiteindelik op 01 Julie 2021 `n werklikheid geword het, en ons verantwoordelikheid en toewyding om aan die Wet se vereistes wat op ons van toepassing is, te voldoen, aan u te verduidelik.

Ons het begrip daarvoor dat u persoonlike inligting baie belangrik is vir u. U privaatheid is ewe belangrik vir ons en ons is toegewyd daaraan om u inligting te beskerm en slegs op `n wetlike wyse te verwerk.

Ons wil ook seker maak dat u verstaan hoe en vir watter doeleindes ons u inligting verwerk. Indien u vir enige rede dink dat u inligting nie op `n korrekte wyse verwerk word nie, of dat u inligting deur ons gebruik word vir `n ander doel as vir die doel waarvoor dit oorspronklik bedoel was, kan u ons Inligtingsbeampte kontak. Besonderhede van ons Inligtingsbeampte, wat ook by die Inligting Reguleerder geregistreer is is as volg:

- Naam Mnr. Adriaan Smit
- Kontak nommer 082 971 5537
- E-pos adres adriaan@dinamika.co.za

Die bronne waarvan ons persoonlike inligting versamel:

In die algemeen versamel ons persoonlike inligting van die volgende data individue [*n data individu is die eienaar van die persoonlike inligting, soos uself*].

- Moontlike kliënte wat navraag doen oor ons dienste
- Kliënte wat DINAMIKA aanstel het as hulle Finansiële Diensverskaffer [FDV]
- Deur die voltooiing van:
 - `n aansoekvorm deur `n kliënt;
 - `n Finansiële Behoeftes Ontleding deur `n kliënt;
 - `n Feite Versameling deur een van ons organisasie se Adviseurs
 - Ens.

Beskerming en beveiliging van inligting

DINAMIKA is daaraan toegewyd om kliënte se inligting te beskerm en vertroulik te hou. DINAMIKA sal alles in ons vermoë doen om diefstal van inligting, ongemagtigde toegang en openbaarmaking te voorkom, deur tegnologie and sagteware te implementeer wat ons sal help om al die inligting wat ons vanaf kliënte versamel te beskerm.

Ten spyte van ons beste pogings in hierdie verband kan die beskerming en beveiliging van inligting nooit 100% gewaarborg word nie, daarom is dit belangrik dat u altyd kennis neem van die DINAMIKA vrywaringsklousule op al die DINAMIKA e-posse en finansiële verslae wat deur ons geskep e naan u versprei word.

Wetlike magtiging of vereistes vir die versameling van persoonlike inligting:

As 'n goedgekeurde Finansiële Dienste Verskaffer [FDV] is ons in terme van die volgende wetgewing verplig om u persoonlike inligting te versamel tot die mate wat dit verband hou met die verskaffing van die toepaslike dienste aan u:

- Finansiële Advies en Tussenganger Dienste [FAIS] Wet 37 van 2002;
- Finansiële Intelligensie Sentrum [FIC] Wet 38 van 2001;
- Assuransie Wet 18 van 2017;
- Langtermyn Versekering Wet 52 van 1998;
- Korttermyn Versekering Wet 53 van 1998

Doel waarvoor u inligting verwerk word:

Ons versamel, hou gebruik en openbaar u persoonlike inligting, hoofsaaklik om aan u toegang te verskaf tot die dienste en produkte wat ons lewer. Ons sal slegs u inligting verwerk vir doeleindes wat u met redelikheid kan verwag, insluitend:

- Om te voldoen aan verpligtinge in terme van die dienskontrak / mandaat tussen uself en ons as FDV.
- Om u te voorsien van advies, produkte en dienste wat pas by u behoeftes soos deur u versoek.
- Om uitvoering te gee aan die dienste soos deur u versoek.
- Om u in kennis te stel van nuwe produkte of ontwikkelinge wat vir u van belang mag wees.
- Om u besonderhede te bevestig, en op te dateer
- Om te voldoen aan die wetlike en regulatiewe vereistes waaraan ons as 'n organisasie moet voldoen.

Sommige van u inligting wat ons hou mag u eerste en laaste naam, epos adres, 'n huis, pos of ander fisiese adres, ander kontak inligting, u geboorte datum, geslag, beroep, kwalifikasies, vorige werkgewers, burgerskap status, u beleggings, bates, laste, versekering, inkomste, uitgawes, familie geskiedenis, mediese inligting en u bank besonderhede insluit.

Bogenoemde inligting is hoofsaaklik verpligtend om te verskaf binne die konteks van die Produk Verskaffers se onderskrywing en openbaarmakingsvereistes.

Versuim om verpligte inligting te verskaf mag daartoe lei dat ons organisasie nie in staat is om uitvoering te gee aan die noodsaaklike funksies om as 'n Finansiële Dienste Verskaffer te kan presteer nie.

Derde partye en u persoonlike inligting

Dit mag vir ons nodig wees om u inligting te deel met derde partye. Waar ons u inligting deel sal ons voorsorg tref dat daardie derde party u inligting met dieselfde vlak van beskerming hanteer as deur ons vereis.

Hierdie derde partye mag insluit:

- Ons organisasie se Nakomingsbeamptes, ons is onderhewig aan gereelde ouditering van ons rekords;
- Diensverskaffers wat ons help om ons tuisblad [*website*] te verbeter;
- Inligtingstegnologie spesialiste wat ons help met die stoor van inligting, sekuriteit, verwerking van inligting, ontledings, ens;
- Ons organisasie se ouditeure;
- Regerings- en regulatiewe owerhede soos die Financial Sector Conduct Authority en die Prudential Authority;
- As deel van ons mandaat wat ons van u ontvang het om uitvoering te gee aan die dienste deur u verlang of as deel van die dienste se statutêre en rapporteringsverpligtinge, deel ons die inligting [*soos deur u verskaf op die aansoekvorms*], met u gekose derde party produkverskaffer

Die oorplasing van u persoonlike inligting buite die Reubliek van Suid Afrika

U inligting mag op rekenaar fasiliteite gestoor word wat deur derde party produkverskaffers bestuur word, maar buite Suid Afrika. Tans het ons organisasie geen ander diensverskaffers wat buite Suid Afrika gevestig is nie.

Ons produkverskaffers bevestig dat die vlak van beskerming wat op u persoonlike inligting toegepas word deur daardie derde land of internasionale organisasie gelykstaande is aan beskerming verskaf deur die POPI Wet.

Besware en Klagtes

As eienaar van die inligting het u die reg om -

- Te versoek dat ons sonder enige kostes bevestig of ons enige persoonlike inligting van u hou of nie;
- Te versoek dat ons u voorsien van `n beskrywing van die persoonlike inligting wat ons van u hou, en om te verduidelik hoekom en hoe dit verwerk word;
- `n Klagte in te dien by ons Inligtingsbeampte [voltooi asseblief bylaag A]

Die Inligting Reguleerder

In die geval waar u persoonlike inligting nie verwerk is ooreenkomstig die POPI Wet en die beginsels soos hierbo uiteengesit, het u die reg om `n klagte in te dien by die Inligting Reguleerder.

Vir verdere inligting aangaande die klagte proses besoek asseblief die tuisblad [*“website”*] van die Inligting Reguleerder soos hieronder aangedui.

Alternatiewelik kan u die Inligting Reguleerder kontak vir verdere bystand:

Die Inligting Reguleerder: Adv Pansy Tlakula

Fisiese adres: JD House, 27 Stiemens Street, Braamfontein, Johannesburg, 2001

Epos adres: complaints.IR@justice.gov.za

Website: <https://www.justice.gov.za/inforeg/index.html>

BYLAAG A

POPI KLAGTE VORM

Ons is verbind daaraan om u privaatheid te beskerm en die vertroulikheid van u persoonlike inligting en is gebonde deur die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet

Rig asseblief u klagte aan die Inligtingsbeampte:	
Naam:	Mnr. Adriaan Smit
Kontak nommer:	082 971 5537
E-pos adres:	adriaan@dinamika.co.za

Waar ons nie in staat is om u klagte na u bevrediging op te los nie, het u die reg om die klag tot die Inligting Reguleerder te rig.

Die Inligting Reguleerder: Adv Pansy Tlakula

Fisiese adres: JD House, 27 Stiemens Street, Braamfontein, Johannesburg, 2001

Epos adres: complaints.IR@justice.gov.za

Website: <https://www.justice.gov.za/inforeg/index.html>

A. Besonderhede van klaer:	
Naam & Van:	
ID Nommer:	
Pos adres:	
Kontak Nommer:	
E-pos adres:	
B. Besonderhede van klagte	
C. Verlangde uitkoms	
D. Handtekening	
Handtekening:	Datum: